

**9 November**

**Na straf, weer genade!**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 36:11-23**  
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 36:12, 13**

Die laaste vier konings van die ryk van Juda (Joahas, Jojakim, Jójagin en Sedekia) het almal gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Vir 22 jaar en drie maande het die konings en die volksleiers die volk op 'n afgrondpad gelei na hulle dood en 'n einde aan hulle verhouding met die Here.

Alhoewel die ontrouheid van die konings en die volk in die laaste vier konings se regering van 22 jaar kulmineer, het die verval van die konings en die volk al met die eerste koning, Saul, begin. Ten spyte van die feit dat die Here profeet na profeet gestuur het om die volk terug te roep, het hulle nie daarna geluister nie. In besonder die laaste oproep van die profeet Jeremia, dat die koning en die volk berou moet betoon oor hulle sonde (vs 12), maar hulle het God se boodskappers en hulle rug net meer op God gedraai (vs 16).

Daar kom 'n tyd wanneer genoeg vir God genoeg is en Hy sy oordeel oor sy volk laat losbrand. Lees ook Jesus se woorde oor die vyeboom en die tien maagde in die Evangelies. Die uiteinde van die volk se onwilligheid om na God terug te keer was dat hulle vermoor en weggevoer is in ballingskap. 'n Verdere gevolg van God se straf en oordeel was dat Jerusalem en die tempel vernietig is, om so aan te dui hoe ver die verhouding tussen God en sy kinders gebreek het.

God se teenwoordigheid en nabyheid is deur die tempel versimboliseer – nou is daar niks oor nie – die tempel is weg, God is weg! Die uiteinde van God se oordeel is dat die ryk van Juda vernietig word.

Maar so groot as wat God se oordeel is, groter is sy genade, liefde en getrouheid teenoor sy volk. In die smeltkroes van ballingskap vorm en brei God sy volk sodat Hy later op sy tyd en plek weer vir hulle die ewige toekoms laat oopbreek toe Hy vir die volk se sondes en ontrou, vir jou en my sonde en ontrou, sy Seun gestuur het, en die ewige lewe!

*Sing: Skrifberyming 2-2:1, 3*

*Ds. Human B Coetsee (Durban-Noord)*